LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI
Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

11 September 2020

Geagte Ouers

Ek hoop en vertrou dat dit met elke gesin baie goed gaan en dat u al die uitdagings wat Covid-19 gebring het, te bowe gekom het. Ek dink werklik dat ons leerders goed aangepas het in abnormale skoolomstandighede. Ons moet nog steeds getrou saniteer, maskers dra en veilige afstande handhaaf sodat ons hopelik binnekort na normale omstandighede kan terugkeer.

Ek bring weer ‘n paar sake onder u aandag.

OMRUILING VAN VAKANSIEDAG, 24 SEPTEMBER 2020

Erfenisdag wat ‘n openbare vakansiedag is, val vanjaar op Donderdag, 24 September 2020. Vrydag, 25 September 2020 is weer ‘n normale skooldag. Die skole het toestemming ontvang van die Hoof van die Onderwys, Mnr Brain Schreuder, om hierdie twee dae om te ruil. Dit sal dus beteken dat ons die Donderdag, 24 September, ‘n normale skooldag sal hê vir die groep 1- leerders. Aangesien ons op 50% kapasiteit werk sal dit beteken dat hierdie leerders ook ‘n langnaweek sal kan geniet. Ons vertrou dat dit nie onnodige ontwrigting by hierdie groep sal veroorsaak nie.

AKADEMIE

Baie dankie aan elke ouerhuis wat getrou die akademiese pad met u kind stap gedurende hierdie tydperk. Ons besef dat dit uitdagend kan wees en toewyding en harde werk verg. Ons is egter bekommerd oor ‘n paar leerders wat nie getrou hul akademiese verantwoordelikhede nakom nie. Ouers moet besef dat leerders nie net **outomaties oorgeplaas** gaan word aan die einde van die jaar nie en daarom verwag die skool dat leerders hul akademiese verantwoordelikhede en werksopdragte getrou moet nakom. Dit geld ook vir leerders met komorbiditeite wat tans by die huis is.

VERKEER

Ons doen ‘n ernstige beroep op ouers om die eenrigtingverkeer soggens en middae te respekteer, ‘n veilige spoed te handhaaf en geduld aan die dag te lê ter wille van die veiligheid van ons leerders. Kom ons hou by die voorgeskrewe maatreëls.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit

Groep 1 (A – L): Blou

Groep 2 (M – Z): Geel

INDELING VAN ROOSTER						
Week 1 van 10-dagsiklus	Datum	14 September	15 September	16 September	17 September	18 September
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Maandag rooster/ Dag 1	Maandag rooster/ Dag 1	Dinsdag rooster/ Dag 2	Dinsdag rooster/ Dag 2	Woensdag rooster/ Dag 3

Week 2 van 10-dagsiklus	Datum	21 September	22 September	23 September	24 September	25 September
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep				Erfenisdag Skooldag	
	Akademies	Woensdag rooster/ Dag 3	Donderdag rooster/ Dag 4	Donderdag rooster/ Dag 4	Vrydag rooster/ Dag 5	Vakansiedag

Week 1 van 10-dagsiklus	Datum	28 September	29 September	30 September	1 Oktober	2 Oktober
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Maandag rooster/ Dag 1	Maandag rooster/ Dag 1	Dinsdag rooster/ Dag 2	Dinsdag rooster/ Dag 2	Woensdag rooster/ Dag 3
Week 2 van 10-dagsiklus	Datum	5 Oktober	6 Oktober	7 Oktober	8 Oktober	9 Oktober
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Woensdag rooster/ Dag 3	Donderdag rooster/ Dag 4	Donderdag rooster/ Dag 4	Vrydag rooster/ Dag 5	Vrydag rooster/ Dag 5

Week 1 van 10-dagsiklus	Datum	12 Oktober	13 Oktober	14 Oktober	15 Oktober	16 Oktober
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Maandag rooster/ Dag 1	Maandag rooster/ Dag 1	Dinsdag rooster/ Dag 2	Dinsdag rooster/ Dag 2	Woensdag rooster/ Dag 3

Week 2 van 10-dagsiklus	Datum	19 Oktober	20 Oktober	21 Oktober	22 Oktober	23 Oktober
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Woensdag rooster/ Dag 3	Donderdag rooster/ Dag 4	Donderdag rooster/ Dag 4	Vrydag rooster/ Dag 5	Vrydag rooster/ Dag 5